


Die “Woord” van God!

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.



Bekering-Wedergeboorte Joh 3:1-21



Erens in jou lewe wil God/Jesus he ons moet reageer.(Commit: Tot Bekering kom en Wedergebore word)

- **Hoe kan ek en jy commit :**
 1. Moet tot bekering kom en wedergebore word.
 2. Gedoop word.
 3. Begeerte he om gevul te word met die Heilige Gees.
 4. Heiligmaking nastreef.

- **Psa 24:3** Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek?
- **Psa 24:4** Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie.
- **Psa 24:5** Hy sal seën wegdra van die HERE en geregtigheid van die God van sy heil.
- **Psa 24:6** Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra, wat u aangesig soek—dit is Jakob. Sela.

Bekering-Wedergeboorte

- **Wat beteken Bekering?**
- Verandering van oortuiging (Die tyd wanneer ek as persoon besluit om n totale ommekeer te maak in my leefwyse, weg van sonde en ongeregtheid na God toe. Bekering is dus die besluit wat jy as persoon neem om gehoorsaam te wees aan God en Sy Woord – Die Bybel)
- **Wat beteken Wedergeboorte?**
- Herskeping van n ongelowige of n sondaar deur die Heilige Gees tot n nuwe mens. (Wanneer jy tot bekering gekom het en verander het, oor hoe jy geglo het, deur nou die Bybel te lees en die Heilige Gees te vra om jou te lei hoe God wil he jy moet leef)

Bekering-Wedergeboorte

- Hoekom moet ons tot bekering kom?
- Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,
- 1Jo 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.

Act 3:19 Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom.

- Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.
- Wat gaan gebeur as ek nie tot bekering kom nie?
- Joh 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.
- Joh 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Bekering-Wedergeboorte

Hoe kan ek tot bekering kom?

- 1Jo 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.
- Rom 10:10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.
- Rom 10:11 Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.
- Rom 10:12 Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.
- Rom 10:13 Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.
- 2Co 7:8 Want, al het ek julle ook deur die brief bedroef gemaak, is ek nie jammer nie, al was ek ook jammer. Want ek sien dat daardie brief, al was dit vir 'n kort tydjie, julle bedroef gemaak het.
- 2Co 7:9 Nou is ek bly, nie omdat julle bedroef was nie, maar omdat julle bedroef was tot bekering, want julle was bedroef volgens die wil van God, sodat julle deur ons in niks skade gely het nie.
- **2Co 7:10 Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood.**
- Mat 6:15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

Bekering-Wedergeboorte

- Wat gebeur en ontvang ek as ek tot bekering kom?
- Rom 3:24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.
- 2Co 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.
- Wat moet ek nou doen nadat ek tot bekering gekom het?
- Act 2:42 En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.
- Wat moet ek nou weet nadat ek tot Bekering gekom het.
- Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
- Joh 1:13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.

Bekering-Wedergeboorte

- Wat moet ons nou besef as ek tot bekering wil kom.
- 1. Ons moet besef dat almal gesondig het en dat almal juis daardeur tot inkeer en tot bekering moet kom want as gevolg van die sonde ontbreek dit ons aan die heerlikheid van God. Rom 3:23, 1 Joh 1:8-9, Hand 3:19
- 2. Ons moet besef dat Jesus die enigste uitweg is om verlossing te kry en hemel toe te kan gaan. Joh 14:6
- 3. Ons moet besef dat as ons nie tot bekering of wedergebore word nie ons nie die koninkryk van die hemel sal sien nie. Joh 3:3-5
- 4. Ons moet besef ons moet met die mond bely, en met die hart glo dat Jesus ons Here is sodat Jesus ons kan vergewe. Rom 10:10
- 5. Ons moet besef dat ons met n innerlike berou tot bekering moet kom en ons sondes moet bely. 2Kor 7:8-10
- 6. Ons moet besef as ons nie ander mense hulle oortredinge vergewe nie dat die Hemelse Vader ook nie ons oortredinge gaan vergewe nie. Mat 6:15
- 7. Ons moet besef dat as ons, ons sondes bely het is ons nou deur Jesus se genade sonder verdienste geregverdig en verlos van alle ongeregtigheid. Rom 3:24
- 8. Ons moet besef dat as ons nou ons sondes bely het, ons nou in Christus is, n nuwe skepsel is en die ou dinge verby gegaan het. 2Kor 5:17
- 9. Ons moet nou besef dat as ons n nuwe skepsel is en in Jesus verlossing gekry het ons, ons nou moet instel om volgens sy wee te leef. (Bybel te lees, Bid, Kerk toe te gaan, Nagmaal te gebruik ens) Hand 2:42
- 10. Ons moet nou besef dat ons nou kinders van God is want dit is deur God so besluit dat die wat Hom aangeneem het waardig is om Kinders van God genoem te word. Joh 1:12

Wat is die doel van die doop?

- (1)dit wys op vergewing van sondes (die Here Jesus Christus het mag om sondes te vergewe - Matt. 9:6; Mark. 2:10; Luk. 5:24)(nadat iemand tot bekering gekom het, kan hy vergifnis van sondes ontvang deur Jesus Christus - die doop is 'n teken hiervan),
- Mat 9:6 Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe—toe sê Hy vir die verlamde man: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.
- Mar 2:10 Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op die aarde sondes te vergewe—sê Hy vir die verlamde man:
- Luk 5:24 Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe sê Hy vir die verlamde man: Ek sê vir jou, staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.
- (2) die doop simboliseer die dood en opstanding - soos Christus gesterf het, word ons begrawe saam met Hom in Sy dood (wil nie meer die sonde dien nie), en soos Christus opgestaan het uit die dood, staan ons op in 'n nuwe lewe (wil Hom dien)(geloof) (nuwe lewe verwys nie net na die Christen nou op die pad van godsaligheid nie, maar ook na hoe die Here Jesus Christus ons in die laaste dag gaan opwek, en ons die opstanding tot die lewe gaan gee).
- (3) dit wys op die "opstanding tot lewe" (die ewige lewe wat Hy vir Sy kinders belowe het; verheerlikte liggame, om in te gaan in Sy fisiese koninkryk en vir altyd by Hom te wees - die doop is 'n teken hiervan)

Wat is die doel van die doop?

- (4) dit wys op 'n nuwe lewe, afgesonder vir die Here en nie meer diensbaar aan die sonde nie, maar diensbaar aan die Here (heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe; pad van godsaligheid; vrug dra; wil van die Here soek/doen; geestelike groei...
- * As ons sou reken dat die doop in Christus Jesus nie 'n voorwaarde is om gered te word nie, en daarom nie nodig om gedoen te word nie, is ons verkeerd, want gehoorsaamheid aan die Here Jesus Christus is deel van bekering en geloof! Christus self het ons die opdrag gegee! (Mark. 16:15)
- Mar 16:15 En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.
- Die leer van die doop was altyd deel van die basiese "prediking aangaande Christus", die fondament wat gele is in die eerste gemeentes: (wat behels het: bekering uit dooie werke, geloof in God, die leer van die doop, handoplegging en van die opstanding van die dode, en van die ewige oordeel (Hebr. 6:1,2)
- Heb 6:1 Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God,
- Heb 6:2 van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.

Bekering-Wedergeboorte-Doop

